



Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

SENIOR FASE

GRAAD 9

NOVEMBER 2012

**SOSIALE WETENSKAPPE
MEMORANDUM**

PUNTE: 100

Hierdie memorandum bestaan uit 10 bladsye.

AFDELING A AARDRYKSKUNDE**VRAAG 1 KAARTLEES EN KAART-INTERPRETASIE**

- 1.1 A ✓ posisie van die kaart - die breedte-graad en lengte-graadlyne op die rooster (1)
- 1.2 C ✓ A8 (1)
- 1.3 C ✓ Uitloper en Vallei (1)
- 1.4 D ✓ Padvervoer en Spoorvervoer (1)
- 1.5 C ✓ 5 (1)
- 1.6 D ✓ Buffalorivier **(F6)**. (1)
- 1.7 A ✓ Woordskaal (1)
- 1.8 C ✓ vry vloei van pad- en spoorvervoer te verseker. (1)
- 1.9 B ✓ H2. (1)
- 1.10 A ✓ bewerking van lande. (1)
- [10]**

VRAAG 2 KAARTLEES EN KAART-INTERPRETASIE

- 2.1 Die roete is hoofsaaklik **opdraand**. Dis omdat vanaf die 'Y'-aansluiting in (F7) suid-oos van Zwelitsha na die uitgrawings suid van KwaMlalakaka (H7) daar 'n **algemene toename in hoogte** is - soos aangedui deur die hoogte-merke. (2)
- 2.2 Peiling is 175° ✓✓ Ken vol punte toe vir antwoorde met $\pm 3^{\circ}$ verskil (2)
- 2.3 $32^{\circ}54'30''S$ ✓ $27^{\circ}25'45''O$ ✓ (2)
- 2.4 Kaartafstand in cm = 8,5 cm ✓
 Kaartskaal = 1:50 000
 Werklike Afstand = $\frac{8,5 \text{ cm} \times 50\,000}{100\,000}$
 = 4,25 km ✓¹ + 3 km (na Blaney soos op kaart verskyn)
 = 7,25 of 7 km (3)
- 2.5 Tyd = $\frac{\text{Afstand}}{\text{Spoed}}$
 = $\frac{7 \text{ km}}{100 \text{ km/h (spoed)}}$
 = 0,07hr ✓¹
 = 0,07hr x 60 min ✓¹
 = 4,2 min/4 min ✓¹ (3)

- 2.6 Lugfotografie is die neem van foto's van die grond uit die lug uit. Dit word gebruik om 'n oorsigtelike blik van die gebied te kry. Lugfoto's word ook dikwels gebruik om ortofoto's te maak – foto's wat geometries gekorrigeer is om sodoende as kaarte gebruik te word. $\sqrt{1}$

(Enige 1 punt hierbo / enige relevante feit.)

Ortofoto's word meestal gebruik in die geografiese inligtingstelsels deur opmetings-agente. Sodra die beelde opgelyn of geregistreer is met die wêreldkoördinate, kan hulle wyd aangewend word. $\sqrt{1}$

(Enige 1 punt hierbo / enige relevante feit.)

Satellietbeelde word toegepas in meteorologie, landbou, bosbou, bewaring van biodiversiteit, streeksbeplanning, opvoeding, intelligensie en oorlogvoering. Beelde kan in sigbare kleure en in ander spektra voorkom. Satellietbeelde word ook gebruik in seismologie en oseanografie om veranderinge in die waterdiepte, asook die see-bodem wat veroorsaak word deur aardbewings, vulkane en tsunami's, aan te dui. $\sqrt{1}$

(Enige 1 punt hierbo / enige relevante feit.)

(3)
[15]

VRAAG 3 ONTWIKKELING & VOLHOUBARE GEBRUIK VAN HULPBRONNE

- 3.1 Aanwysers van ekonomiese ontwikkeling is aanwysers wat geld en rykdom meet. Hulle is:

- Die **Bruto Nasionale Inkomste** – die totale waarde (in geld) van alle goedere en dienste wat die land/mense in een jaar produseer.
- Die **Bruto Nasionale Inkomste** per capita – dit gee aanduiding van die aantal geld wat beskikbaar is vir elke persoon in die land.
- **Menslike Ontwikkelingsindeks** – dit verwys na die welstand van die mense in verhouding tot gesondheid en onderwys.
- Persentasie van mense in **Verskillende Sektore** van die ekonomie. $\sqrt{\sqrt{2}}$

(Enige 2 hierbo) (2)

DIT VERTRAAG ONTWIKKELING		DIT BEVORDER ONTWIKKELING	
1.	HIV/Vigs	1.	Gebruik van rekenaars
2.	Misdaad	2.	Maatskaplike toelae

(2x2) (4)

- 3.3
- Dis baie duur en onbekostigbaar.
 - Dit neig om nie die arm mense, wat dit benodig, te bevoordeel nie.
 - Dit bring nie verbetering teweeg nie.
 - Dit het negatiewe uitwerking op die omgewing.
 - Dit veroorsaak dat mense werkloos word.
 - Dit vervang en verminder mense arbeid en lei tot werkloosheid.
 - Dit vertraag (kortwiek) die kreatiwiteit van mense.

$\sqrt{\sqrt{2}}$ (Enige 2 punte hierbo/enige relevante feit/e) (2)

- 3.4 3.4.1 Die woord verwys na enige iets wat verband hou met die see en oseane. $\sqrt{\sqrt{2}}$ (2)
- 3.4.2 Die provinsies in die tabel is die enigste kusprovinsies, die ander provinsies is binnelands – hulle het nie 'n seelewe nie. $\sqrt{\sqrt{2}}$ (2)
- 3.4.3 Die Wes-Kaap is die enigste provinsie op die tabel wat mense opvoed in verband met die see-lewe en sodoende die hulpbronne van die see lewe beskerm. Hulle belê in toerisme d.m.v. opvoeding. $\sqrt{\sqrt{2}}$ (2)
- 3.4.4
- Seewater dien as 'n bron van voedsel.
 - Seewater dien as vervoerstelsel van waardevolle minerale in die handel.
 - Dien as 'n plek vir ontspanning en om riool te stoot.
 - Die oseane verskaf vis wat geprosesseer word om diere te voed - 10% van menslike proteïene inname kom van die see.
 - Ander biologiese produkte uit die see word ook verkoop bv. Pêrels uit oesters vir juwele, en skulpe en korale word oral gebruik as bron van boumateriaal.
 - Oseane word al meer belangrik vir ontspanning – elke jaar word meer mense getrek na sport soorte soos swem, hengel, skuba-duik, water-ski, ens.
 - Hulle is die planeet se lewensstelsel – hulle neem koolsuurgas op en verskaf tussen een derde en een helfte van die wêreld se suurstof.
 - Dis die huisvesting van duisende vis- en invertebrate spesies.
 - Oseane verskaf 'n belangrike deel van die globale voedsel ketting; beide see soogdiere en mense steun swaar op gesonde visse en ander seekosse.

$\sqrt{\sqrt{\sqrt{1 \times 3 = 3}}}$ (enige 3 punte hierbo) (3x1) (3)
[17]

VRAAG 4 SOSIALE EN OMGEWINGSKONFLIKTE IN SUID-AFRIKA

4.1	Prent	Gepaste oorsaak vir konflik	
	A	Die verlede (geskiedenis) $\sqrt{1}$	(1)
	B	Xenofobie $\sqrt{1}$	(1)
	C	Ongelykheid $\sqrt{1}$	(1)
	D	Beperkte hulpbronne $\sqrt{1}$	(1)

4.2 Rassisme en xenofobie

4.2.1 Rassistiese voorvalle kom voor in sekere sportaktiwiteite wat steeds gedomineer word deur sekere rasse; in woongebiede; in die plaasbesit deur sekere rasse waar jy dan soms plaasmoorde kry. Top uitvoerende poste in maatskappye word ook steeds gedomineer deur sekere rasse. Die beleid van swart ekonomiese bemagtiging word steeds deur sommige mense beskou as rassisme. **ens.** $\sqrt{1}$ **(Enige 1 punt hierbo/enige relevante feit)** (1) (1)

4.2.2 Xenofobie affekteer nie-Suid-Afrikaners in baie opsigte. Hulle word gemartel en gebrandmerk as mense wat diewe is, wie toordery beoefen, werke/poste van Suid-Afrikaners oorneem, betrokke is in onwettige handel in dwelms, moordenaars is en mense wie onwettig in die land gekom het. $\sqrt{1}$ **(Enige 1 punt hierbo/enige relevante feit)** (1) (1)

Moontlike oplossings (4.2.1 + 4.2.2)

Oplossings sluit in, maar is nie beperk tot:

- Dialoog,
- Toepassing van streng strawwe aan oortreders,
- Regeringshulp aan slagoffers,
- Hou van werksinkels oor hoe om konflik te hanteer. **ens.**

$\sqrt{\sqrt{2}}$ **(Enige 2 punte hierbo/enige relevante feite)** (1+1)
[8]

AFDELING B: GESKIEDENIS

VRAAG 5 APARTHEID IN SUID-AFRIKA

5.1 Aan die einde van die oorlog in 1945:

- Baie swart mense trek na stede om te werk as geskoolde arbeiders; swart mense begin om mee te ding met hul wit eweknieë vir werke.
- Stakings het voorgekom wat 'n bedreiging vir die regering was - omdat daar ook baie swart werker-unies was.
- Behuising en voedsel tekorte vir wittes het gelei tot blamering van mekaar en wittes het na die regering gekyk om beperkings te plaas op waar swart mense moet bly en werk, en daarom het hulle vir die Nasionale Party gestem in 1948. $\sqrt{\sqrt{2}}$ (Enige 2 punte hierbo/enige relevante feite)

(2)

5.2 5.2.1 Bevolkings Registrasie-wet $\sqrt{1}$

(1)

5.2.2 Groepsgebiede-wet $\sqrt{1}$

(1)

5.2.3 Naturelle Onderwys-wet $\sqrt{1}$

(1)

5.3 Hy het lid geword van die Jeug Liga van die African National Congress (ANCYL) in 1948. In 1949 was hy gekies as president van die Fort Hare Studente Raad, waar hy homself as goeie spreker bewys het.

In 1950 was Sobukwe aangestel as onderwyser by 'n hoërskool in Standerton, 'n posisie wat hy verloor het toe hy hom uitgespreek het ten gunste van die Program van Verset/Weerstandsbeweging in 1952. In 1952 het hy baie ondersteuning gekry vir die Weerstandsbeweging.

Hy het geïdentifiseer met die Afrikaniste binne die African National Congress en in 1957 verlaat hy die ANC en word Redakteur van die koerant, The Africanist in Johannesburg. Hy het sterk geglo in 'n Afrikanistiese toekoms vir Suid-Afrika en het enige model verwerp wat voorstel dat met enige iemand anders as swartes saamgewerk moes word. Hy verlaat toe die ANC en stig die Pan Africanist Congress (PAC), en is gekies as die eerste president in 1959. Robert Sobukwe het bekend gestaan as die Professor of 'Prof' onder sy naaste tydgenote as gevolg van sy opvoedkundige suksesse asook sy vermoë om toesprake te maak.

Hy het hom uitgespreek oor die behoefte van swart Suid-Afrikaners om "hulself te bevry" sonder die hulp van nie-swartes. Hy het ook baie organisasies in die anti-apartheidstryd aangemoedig byvoorbeeld die Swart Bewussynsbeweging van Steve Biko.

In 1954 trek hy Johannesburg toe en word 'n lektor van Afrika-studies aan die Universiteit van die Witwatersrand. Sobukwe het 'n optog gelei met die nuutgestigte PAC op 21 Maart 1960.

Dit was 'n landswye protes teen die gehate Pas-wet wat van swart mense vereis het om ten alle tye 'n pas boekie te dra. In 'n soortgelyke protes op dieselfde dag in Sharpeville, het die polisie begin skiet op die skare van PAC ondersteuners en 69 mense is doodgeskiet in die Sharpeville Mense-slagting.

Sobukwe was gearresteer, aangekla en skuldig bevind aan opstoking, en vir drie jaar opgesluit op Robben-eiland. Onder die "Sobukwe klousule" was hy vir 'n verdere drie jaar aangehou. Sobukwe was die enigste persoon wie aangehou is volgens hierdie klousule.

Sobukwe was in eensame afsondering aangehou, maar is sekere voorregte toegelaat soos boeke, koerante, siviele kleredrag, brood ens. Hy het in 'n aparte area op die eiland gewoon waar hy geen kontak met gevangenes gehad het nie. Die enigste kontak was sy geheime hand seine wanneer hy buite besig was met oefeninge. Hy het gestudeer gedurende die tyd van aanhouding en het onder andere 'n graad in ekonomie verwerf van die Universiteit van Londen. Daar word gespekuleer dat die Suid-Afrikaanse administrasie Robert Sobukwe as 'n meer radikale en moeilike opponent as die gewone ANC gevangenes beskou het. Sobukwe was vrygelaat in 1969. Hy was toegelaat om in Kimberley met sy familie te gaan woon. Hy was deur 'n verbanningsopdrag verbied om aan politieke aktiwiteite deel te neem. Verskeie beperkings het Sobukwe verbied om oorsee te reis, wat sodoende sy pogings om verder te studeer gekortwiek het. Om dieselfde rede moes hy verskeie kere aanbiedinge om te gaan onderwys gee in plekke in Verenigde State, van die hand wys. Robert Sobukwe het sy graad in die Regte voltooi met die hulp van 'n plaaslike prokureur in Galeshewe. Met voltooiing van die graad het hy sy eie regspraktyk begin in 1975 in Kimberley. Hy het gesterf op 27 Februarie 1978, en was begrawe in Graaff-Reinet op 11 Maart 1978.

√√√√√⁵ (Enige 5 feite hierbo/enige relevante feite)

(5)
[10]

VRAAG 6 MENSEREGTE KWESSIES GEDURENDE EN NA DIE 2^{de} WĒRELDOORLOG

6.1 Streng maatreëls van die Vrede van Versailles.
Duitsland is gestroop van sy oorsese ryke, Elsas en Lotharinge, die Saar & die Rynland.
Duitsland moes sy magte ontbind en sy weermag beperk tot helfte van die grootte van die magte van die Geallieerdes.
Duitsland moes oorlogskuld aanvaar en skuld betaal.
Die Weimar Republiek wat swak was - alhoewel dit gekies is deur proporsionele verteenwoordiging (demokrasie).
Hulle hou nie van die feit dat die Weimar Republiek die bepalinge van die Vrede van Versailles aanvaar het nie.
Ekonomiese probleme het gelei tot werkloosheid en inflasie asook die onvermoë om die gevolge van die Groot Depressie baas te raak.^(1+1= 2)
(Enige 2 hierbo)

(2)

6.2 Om die gewapende magte te versterk
Om nasionalisme te verkondig (om trotse Duitse volk te wees)
Om werk te skep.
Om die ongewilde bepalinge van die Vrede van Versailles ongedaan te maak.
Meer lewensruimte vir die Duitsers.
Om diegene (Joodse sondebokke) van wie die Duitsers nie hou nie, te laat verwyder.
√√^(1+1= 2) (Enige 2 hierbo)

(2)

- 6.3 **Joseph Goebbels** was in 1897 gebore en het in 1945 gesterwe. **Joseph Goebbels** was Hitler se Minister van Propaganda en een van die belangrikste en invloedryke mense in Nazi Duitsland. $\sqrt{\sqrt{2}}$ (2)

- 6.4
- | | |
|---|--|
| <p>Simbool 1:
 Suid-Afrikaanse landswapen (National Coat of Arms) $\sqrt{}$. Dis die hoogste visuele simbool van die Staat. Die South Africa's Coat of Arms is bekend gestel op Vryheidsdag, 27 April 2000. Die veranderinge reflekteer die regering se bedoeling om demokratiese verandering in Suid-Afrika asook 'n nuwe sin vir patriotisme, te beklemtoon. Daarom word dit van elke opregte nie-rassistiese Suid-Afrikaner verwag om te dit aanvaar en te respekteer as 'n simbool van Suid-Afrika se demokrasie. Hierdie simbool bevorder eenheid en versoening asook eenheid binne verskeidenheid. $\sqrt{2}$</p> | <p>Simbool 2:
 Swastika, Nazi vlag $\sqrt{}$. Sedert 1945 is die swastika verban in Duitsland saam met ander simbole, liedere, slagspreuke en selfs begroetings wat met die Hitler era geassosieer was. Oortreders kon streng boetes en selfs tronkstraf opgelê word. Die Duitse (en Oostenrykse) na-oorlogse kriminele kode het die publieke gebruik van die <i>Hakenkreuz</i> (die swastika) en ander Nazi simbole onwettig en strafbaar gemaak, behalwe vir skool gebruik. Dit is 'n simbool van rasse meerderwaardigheid wat onderdrukking van ander rasse kan aanhits. Daarom bevorder dit nie harmonie, maar eerder xenofobiese tendense. $\sqrt{2}$</p> |
|---|--|
- (4) [10]

VRAAG 7 EINDE VAN DIE 2^{de} WÊRELDOORLOG EN DIE STRYD OM MENSE-REGTE

7.1	KOLOM A - OORSAKE	KOLOM B - GEVOLGE
7.1.1	Die Volkebond wat gestig was na die Eerste Wêreldoorlog het misluk om 'n volgende Wêreldoorlog te voorkom	C Die Verenigde Nasies wat vandag nog bestaan, is in 1945 gestig met die doel om dwarsdeur die wêreld vrede te handhaaf
7.1.2	Op 1 Desember was 'n swart Amerikaanse vrou (Rosa Parks) gearresteer omdat sy geweier het om haar sitplek in 'n bus af te staan aan 'n wit man. 'n Volskaalse boikot van die stad se busse sowel as protesaksies deur die swart bevolking het gevolg vir ongeveer 'n jaar	E Aanhoudende bus- en winkel-boikotte, georganiseer deur Swart Amerikaanse nasionaliste, het druk uitgeoefen op die regering om sy segregasie beleid te verander
7.1.3	Gedurende koloniale beheer was mense-regte van swart mense nie beskerm nie	B Swart mense was behandel as minderwaardig; hulle het hul grond verloor en daar was swak dienslewering vir hulle
7.1.4	Na die 2 ^{de} Wêreldoorlog was die wêreld geskok oor die Nazi's se misbruik van mense-regte asook hul misdade teen die mensdom	A Dit het aanleiding gegee tot die opkoms van die idee van Verklaring van Mense-regte
7.1.5	Die Berlynse Konferensie van 1884 by die woning van Otto von Bismarck het die grondslag gelê vir die 'wedloop om Afrika'	D Suid-Afrika was gekoloniseer deur Holland (Nederlanders) en die Britte (Engelse) wat na die ooste wou uitbrei

(5x1) (5)

7.2 Afdeling 28 van die Verklaring van Menseregte, getiteld "Kinders", bepaal die volgende:

’n Kind se beste belange is van kardinale belang in elke saak rakende die kind.

Met ’n kind word bedoel iemand onder die ouderdom van 18 jaar.

’n Kind het die reg op ’n naam, burgerskap en ’n vorm van toesig.

Kinders benodig kos en beskutting, en moet beskerm word teen misbruik, verwaarlosing en verkleinering.

Geen kind onder-ouderdom moet werk nie, of werk doen wat met sy skoolwerk sal inmeng nie. Kinders moet opgesluit word in tronke slegs as ’n laaste uitweg en moet nie ’n sel met volwassenes deel nie. Kinders moenie deelneem aan oorloë nie en moet beskerm word tydens konflikte.

Ons regering het baie gedoen om te wys hulle bedoel wat hulle sê. Voorbeelde is: kinder-toelaes vir enkel-ouer kinders asook vir wees kinders. Daar is skole sonder skoolfooie; skool voedingskemas; verpligte skool tot met sekere ouderdom en erkenning van dae vir nie-geweld teen kinders, ens.

√√√√√⁵ (Merk enige 5 punte hierbo/enige relevante punte)

(5) [10]

VRAAG 8 DIE KERNWAPENTYDPERK EN DIE KOUE-OORLOG

8.1

AMERIKA/AMERIKAANS	RUSLAND/SOWJETTE
Die Noord Atlantiese Verdragsorganisasie was gestig in 1949.√√ ²	Die Warskou Pakt was gestig in 1955 as teenvoeter vir NAVO. √√ ²
Die Amerikaners stuur die eerste man, Neil Armstrong na die maan op 20 Julie 1969; dit het die Amerikaners laat voel dat hulle voor ander lande in die ruimte was √√ ²	Die Russe het vir Sputnik 1 gelanseer op 4 Oktober 1957– dit was die eerste satelliet in die ruimte. Hulle het vir Yuri Gagarin in die ruimte gestuur in 1961; dit was ’n bron van trots vir die Russe. √√ ²
President Kennedy het gedreig om vir Kuba (Russiese bondgenoot) binne te val met die ontdekking van medium afstand kern wapens wat gerig is op sy land.√√ ²	In 1956 het Khrushchev tenks gestuur na Hongarye en Pole (Sowjet beheerde regerings) om opstande teen die Sowjet te gaan onderdruk en in 1961 is die Berlynse -muur gebou.√√ ²
Ens.	Ens.

(3x2) (6)

8.2 9 Augustus 1945 √√

(2)

- 8.3 Die Berlynse Muur is gebou:
- om Ooste en Weste van mekaar te skei **of**
 - om kapitalistiese invloed van kommunistiese invloed weg te hou. $\sqrt{1}$
enige een punt hierbo of ander relevante feit

Mikhail Gorbachev het ernstige hervorminge ingestel wat gelei het tot die val van die Berlynse Muur op 9 November 1989 omdat die Sowjet Unie ernstige probleme ondervind het soos:

- Die ekonomie was op die punt om te val,
- Tekorte aan nodige goedere,
- Mense was moeg vir kommunisme wat hulle gefaal het,
- Massa-proteste teen kommunistiese state
- Gebrek aan mense-regte. $\sqrt{1}$ **(Enige een punt hierbo genoem of enige ander relevante feit)** (1+1) (2)

[10]

VRAAG 9 SAKE VAN ONS TYD

- 9.1 Amnestie verwys na amptelike vryspreking vir iemand wie 'n misdaad gepleeg het. $\sqrt{1}$ (1)
- 9.2 Tutsi's $\sqrt{1}$ (1)
- 9.3
- Onwettige aanhouding,
 - moord,
 - verkragting,
 - seksuele aanranding,
 - marteling,
 - slaan,
 - roof
 - en onmenslike behandeling van burgers. $\sqrt{1}$ **(Enige 1 uit die lys)** (1)

9.4	Ten gunste van Globalisering	Gekant teen Globalisering
	Geld, tegnologie, kundigheid bevoordeel mense en ekonomieë	<i>Uitbuiting met lae lone, lang werksure, gebrek aan veiligheid & kinderarbeid</i>
	Werkgeleenthede	<i>Uitputting van hulpbronne deur groot maatskappye en ekonomieë</i>
	Styg van die lewensstandaard met die gepaardgaande vrye mark	<i>Dominering van kleiner state deur groter state wat werkers kom uitbuit</i>
	Bring rykdom en voorspoed deur buitelandse beleggings	<i>Doen nie veel om armoede te bekamp nie (ryk arm gemeenskap)</i>
	Internettoegang bring inligting, opvoeding en opleiding	<i>Bewerkstellig nie volhoubare lewens nie - produkte word te duur</i>
	Het toegang tot goedere en dienste reg oor die wêreld.	<i>Negatiewe uitwerkings op die omgewing</i>

(Enige 2 punte ten gunste van en teen Globalisering soos hierbo aangedui) $\sqrt{\sqrt{\sqrt{\sqrt{4}}}}$ (2x2) (4)

- 9.5 Aartsbiskop Emeritus Desmond, Mpilo Tutu $\sqrt{1}$ (1)
- 9.6 President Thabo Mbeki $\sqrt{1}$ en President Olusegun Obasanjo $\sqrt{2}$ (2x1) (2)

[10]

TOTAAL: 100